25 Januarie 2026

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

# HEIDEKOPPIE NUUS

*BELEEF BEHOORT BEDIEN*



"Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis oorbly."

Lukas 19:5

## EREDIENSTE

### VANDAG

Deuroffers: MES Kaapstad

*Ds Anton*
Luk 19:1-10
*Kom soos jy is.*

08:30
- Kontemporêre Diens
- Bababediening, Kinderkerke, Space

10:15
Klassieke Diens

### BELYDENISKLAS (Gr 11)

Slegs die OUERS woon vanmiddag om 16:30 'n inligtingsessie in die onderste saal by.
Maak asb verskoning by Adam by 074 172 9187 indien jy nie daar kan wees nie.

### PROGRAM

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26 | 27<br>08:30 Soepel Seniors<br>09:30 Silwerjare Komitee<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Doopgesprek | 28<br>05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms<br>19:00 Bedieningsraadsverg | 29<br>08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | 30 |
| Ma | Di | Woe | Do | Vry |


Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie / https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

**Leraar:** Ds Anton Roux 083 504 2613 ants@heidekoppie.com
**Jeugwerker**: Adam Barker 074 172 9187 adam@heidekoppie.com



## VERJAARSDAE


*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

JANUARIE
25: Gielie Erasmus
26: Tiana Ackermann, Annette Geldenhuys
27: Jean Ellis
28: Thilde Smink, Elaine van der Merwe
29: Marétha van Wyk



## LUGVERKOELING

Indien daar van ons lidmate is wat kennis het van lugverkoeling in groter geboue en ons kan raad gee oor opsies vir die kerk, kontak asb vir Izak van der Walt (bedieningsleier van die Eiendomsbediening) by 083 409 9256.



# WELKOM!

## NUWE LIDMATE

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van*

- Marquerite Beukman vanaf Parow-Panorama
- Elizabeth Freda van der Poel (nou De Kock) vanaf Langebaan
- Wynand Evert Jurg, Charlene Booysen (nou Jurg) en dooplidmate Nicole Kathleen Jurg en Alicia Ann Jurg vanaf Gerf Kerk Bellvile-Oos

*Baie welkom aan hierdie lidmate! Ons glo hulle gaan gelukkig wees hier in Heidekoppie.*



## MEELEWING

- Tannie Elize Conradie is onlangs oorlede. Ons dink aan die familie en bid dat die Here hulle sal vertroos.
- Ryno Steenkamp is verlede week oorlede. Ons is hartseer saam met sy kinders, vriende en familie en bid dat die Here hulle sal dra in 'n traumatiese tyd.

# DANKOFFERS

SnapScan

Snap here to pay

BANKBESONDERHEDE:
NG Kerk Heidekoppie,
Absa Brackenfell
Universele Kode: 632005 ,
Tjekrekening nr
145 058 0674

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES



## KLASSIEKE DIENS KLANKOPNAME

In die toekoms gaan 'n **klank-opname van die klassieke diens** ("tweede diens") op 'n whatsappgroep beskikbaar wees. Om weekliks die skakel na hierdie opname te ontvang, kontak die kerkkantoor of sluit aan by die whatsappgroep deur op hierdie skakel te kliek: https://chat.whatsapp.com/I9SR6nnJrKV4ATJMnvDUPl .

# FEBRUARIE PREEKPROGRAM



**OGGENDDIENSTE - TUISKOMS**

| | | |
|---|---|---|
| So 1 Feb | Ware Rus | Doop |
| So 8 Feb | Easy yoke / Sagte juk<br>08:30 Contemporary Service<br>10:15 Klassieke Diens | |
| So 15 Feb | Daar is plek in die Vader se huis | |
| So 22 Feb | Kom sit aan by die tafel | Familienagmaal |

**ASWOENSDAG**

Woe 18 Feb 19:00 God se oop uitnodiging

**OPEN DOOR SUNDAYS 19:00**

1st Feb & 15th Feb



## NUUT IN DIE GEMEENTE?

Baie welkom!

Kom drink eersk Sondagoggend 1 Feb tussen die twee eredienste saam koffie in die voorportaal van die saal.

Woon een van die INLIGTINGSGELEENTHEDE by:

Do 5 Feb om 10:00 in die kleuterlokaal (ingang vanaf Stasieweg).

Do 5 Feb om 19:00 in die bovertrek (ingang vanaf die agterste parkeerterrein).

**Gee asb getalle deur** aan Antoinette by 082 929 4067.



# ?? Raai-wie-kom-kuier ??

## 'N SAAMKUIER-AAND MET 'N KINKEL

*Dit werk so:*

### *STAP 1*

BIED AAN OM GASHEER TE WEES vir 'n ete by jou huis op 20 of 21 Februarie.
(Die gasheer kan enige persoon, egpaar of gesin wees.)

*Wanneer jy inskryf, dui jy aan*

- Hoeveel gaste jy kan akkommodeer (bv 3, 8 ens)
- Voorkeur ouderdomsgroep (indien dit sou moontlik wees)
- Of kinders welkom is
- Tipe ete: Bring-en-deel *of* Gasheer voorsien ete

Skryf in by Suzette by die kerkkantoor (kontakbesonderhede onder-aan p1)
teen Woensdag 4 Februarie.

### *STAP 2*

Skryf in om 'n GAS te wees by een van die gashere op 20 of 21 Februarie. (Meer besonderhede later.)



Wat maak dit ANDERS?
Die gasheer weet nie wie die gaste is totdat die gaste opdaag nie.
Die gaste kry slegs 'n adres en nie besonderhede van die gasheer nie.
'n Prettige aand vol verrassings!



## YOUNG ADULTS

Is jy min of meer 18 – 26jr oud? Raak deel van die Young Adults groep op Donderdagaande om 19:00 in die bovertrek!

Ons kuier saam, leer die Here beter ken en maak nuwe vriende. Gaan by die kerk in vanaf die agterste parkeerterrein.
Kontak Adam by 074 172 9187 vir meer inligting.

# ALLERLEI



By die Senior Kinderkerk (Gr 4-6) die afgelope Sondag.

## HEIDEKOPPIE NUUS

Ontvang hierdie afkondigingsblaadjie elke Vrydagmiddag per e-pos of whatsapp. Kontak Jackie by die kerkkantoor.
Whatsapp-skakel:
[https://chat.whatsapp.com/GuJYcwPS04O4s96DnTpsST](https://chat.whatsapp.com/GuJYcwPS04O4s96DnTpsST)


## WIL JY JOU KINDJIE 1 FEB LAAT DOOP?

Kontak Suzette môre-oggend (Maandag) voor 12:00 by die kerkkantoor.



## BYBELSTUDIE

Elke Donderdagoggend om 10:00 – 11:00 in die Kleuterkerk. Peet van Zyl help ons om die Woord nuut te ontdek.
Navrae:
Peet by 083 305 0884
Ingang: Deur die oop deur in Stasieweg




"This next one covers the do's and don'ts of regifting."

"Maar Gideon sê vir Hom: "Ekskuus, Meneer, waarmee sal ek die Israeliete gaan red? Die familie waaraan ek behoort, is die armste in die hele Manasse, en van my pa se kinders het ek die minste aansien."Die Here het hom geantwoord: "Ek is by jou, en jy sal die Midianiete verslaan asof hulle nie meer as een is nie."  Rigters 6:15, 16

# AAN DIE GANG




Die eerste Heide-Boetiek van die jaar is om die draai! Baie nuwe voorraad en groot winskopies!




## HUWELIKSVOORBEREIDINGS-SEMINAAR

Belê in jou huwelik en woon hierdie oggend - seminaar by. Ds Anton en Bettie Rall (sielkundige) is albei ervare voorligters en beraders en sal julle help om mekaar beter te verstaan en slaggate te vermy.







❤️ SATERDAGAAND 14 FEBRUARIE ❤️

19H00 – 21H00

*Kom betyds!*

GRATIS, maar bespreking noodsaaklik.
Die hele gesin is welkom.

❤️

*Bestel 'n piekniek-ete en*
*kom kuier saam vanaf 18:00:*
R100 vir 2 mense of R200 vir 'n gesin van 4

Snoepie ook beskikbaar.
Navrae en bespreking van fliek en piekniek-etes: Marlize Potgieter by 0842475330.
(Google-vorm sal vlg week beskikbaar wees.)

❤️

Volgende week vind ons uit watter fliek gaan wys!

# ALLERLEI

## KOM NA MY TOE

2. Maar die twyfel kom toe weer:
Is ek kind van God, of nie?
Maar sy woorde kom helder deur:
"Uit my hande ruk niemand jou nie!"

3. Nie meer eensaam en verlaat!
En ek voel nie meer so dig.
Want u juk, Heer, is werklik sag;
en u las is 'n vreugde, dis lig!

Kom na My toe almal wat moeg en oorlaai is.
Kom na My toe ek gee rus.
Toe ek opstaan en, nog verward,
my hand in syne lê, kry die lewe sin –
en vind ek rus in Hom."
(Jeugsangbundel 1 Nr 29)







## VROUE IN DIE AMP

*Facebook plasing van Dr Siegfried Louw nav die besluite van die Gereformeerde Kerk oor vroue in die amp:*

"As 'n vriend vir my sal sê: "Ek oorweeg dit om 'n slaaf aan te skaf. Vir 1800 jaar lank het die kerk geen probleem daarmee gehad nie," sou ek seker rede kon hê om moreel superieur te voel. Maar ek sou waaragtig nie tyd spandeer het om daaroor te stry nie.

Daars honger en getraumatiseerde kinders daarbuite.

As 'n vriend vir my sal sê: "Vroue hoort nie in die amp nie, dis al eeue lank so!" sou ek seker moreel superieur kon voel. Maar ek sou waaragtig nie tyd spandeer om daaroor te stry nie.

Daars honger en getraumatiseerde kinders daarbuite.

En ek sien die vroue in die amp voor in die ry om juis daardie kinders te help.

Nes 2000 jaar gelede. #Tabitha #mariamagdalena #sintige #priscilla #lydia




"'Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.' Toe het hulle begin feesvier."
Lukas 15:24

# WEES DIENSBAAR

## MES KAAPSTAD

Die deuroffers is vanoggend vir MES-Kaapstad. MES is 'n Christelike middestadbediening aan mense wat nie 'n heenkome het nie en op straat bly. Hul doel is om mense holisties te bedien sodat hulle weer onafhanklik en verantwoordelik kan funksioneer en hulle lewe betekenis het. Daar word aandag gegee aan hul fisiese, emosionele en geestelike welstand. MES is werksaam in Bellville, Parow en Durbanville.



MES
Changing the heart of the city!





## BEGRAFNISBROODJIES

Raak deel van ons span wat tydens begrafnisse broodjies maak en/of tee bedien en opwas.

Jy is nie met elke begrafnis aan diens nie, beurte word gemaak. Op hierdie manier maak jy 'n verskil aan die lewens van mense wat 'n hartseer tyd beleef.

Kontak Riana by 061 419 5664.

## WERKSKEPPING

Een van ons afgetredenes wil graag werkloses help om 'n inkomste te verdien.

- Kontak die kerkkantoor Indien jy 'n ambag beoefen of 'n ander vaardigheid het en bereid is om iemand op te lei.




## DANKIE

Dankie aan almal wat bydra vir deuroffers. Ons ontvang gereeld dankie-briewe vanaf die verskillende instansies:

"Hiermee wil ons as Gideons Bellville Tak u hartlik bedank vir die ruim bydrae wat ons van u gemeente ontvang het. In hierdie ekonomiese tyd is dit werklik bemoedigend dat mense bereid is om donasies vir Bybels te maak. U sal bly wees om te verneem dat ons met die donasie 59 Testamentjies kon aankoop."